



national treasury

Department:
National Treasury
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



GESAMENTLIKE PERSVERKLARING

NASIONALE TESOURIE EN DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

TEN OPSIGTE VAN DIE 17DE JAARLIKSE UITGawe VAN BELASTINGSTATISTIEKE

PRETORIA, DINSDAG 10 DESEMBER 2024

Nasionale Tesourie en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het gesamentlik die 17de uitgawe van die jaarlike belastingstatistieke uitgereik. Die 2024-uitgawe verskaf 'n oorsig van die belastinginkomste-invorderings en belastingopgawe-inligting vir die 2020 tot 2024 belastingjare, asook vir die 2019/20 tot 2023/24 fiskale jare.

SARS is die nasie se belasting-invorderingsowerheid wie se mandaat dit is om ook 'n kultuur van belastingpligte-nakoming aan te moedig en om handeldryf oor ons grense heen te faciliteer. Oor die afgelope 30 jaar, het belastinginvordering van R113.8 miljard in 1994/95 tot R1 740.9 miljard in 2023/24 gestyg, teen 'n saamgestelde jaarlikse groeikoers van 9.9% en 'n gemiddelde belasting-tot-BBP-verhouding van 22.2%. Sedert die intreding van SARS in 1997/98, het die organisasie meer as R21.1 triljoen vir die land se maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling ingevorder. In die 2023/24 fiskale jaar het SARS R2.2 triljoen in bruto belastinginkomste (R87.0 miljard of 4.2% meer as in die vorige jaar) ingevorder, belastings ter waarde van R413.9 miljard (R32.8 miljard of 8.6% meer as in die vorige jaar) terugbetaal, en netto belastinginkomste ter waarde van R1.7 triljoen (R54.2 miljard of 3.2% meer as in die vorige jaar) behaal.

Navrae: SARS Media: sarsmedia@sars.gov.za
Nasionale Tesourie Kommunikasie-eenheid: media@treasury.gov.za of skakel 012 315 5000.

Die 2023/24 fiskale jaar het 'n skerp afname in maatskappye inkomstebelasting-(MIB)-inkomste, veral in die mynbousektor beleef. Hierdie afname was hoofsaaklik as gevolg van lae kommoditeitspryse wat die inkomstewinstes uit die opgehefde kommoditeitspryse van die vorige twee jaar verreken. Daarby het swak globale groei, aanhoudende kragonderbrekings en logistieke onderbrekings ook op die sektor geweeg. Belasting op toegevoegde waarde (BTW) se inkomste-groei het onderdruk gebly onderwyl verbruikers steeds finansiële beperkings in die gesig staar as gevolg van hoë rentekoerse wat huishoudelike inkomste en besteding erodeer. Invordering van persoonlike inkomstebelasting (PIB) het egter drywend gebly te danke aan 'n herstelling in werkgeleenthede en verdienste.

SARS is vasberade om die duur en moeilik te maak vir belastingpligtiges wat met opset versuim om hulle verpligtinge na te kom. Nakomingsinkomste wat deur gefokusde aktiwiteite en pogings deur SARS verseker is, het R260.5 miljard vir die 2023/24 fiskale jaar gelewer, wat R53.0 miljard of 25.5% meer as die vorige jaar is. Op 14 Augustus 2024, was die totale waarde van handel wat deur SARS vir die 2023/24 fiskale jaar gefasiliteer is R3.93 triljoen, R21.9 miljard of 0.6% meer as die vorige jaar.

Sleutelsyfers in die 2024-belastingstatistiekeboeletien:

- Hoofstuk 1 van die boeletien toon aan dat die totale belastinginkomste wat deur SARS ingevorder is, van R1 355.8 miljard in die 2019/20 tot R1 740.9 miljard in 2023/24 gestyg het, wat 'n saamgestelde jaarlikse groeikoers (CAGR) van 6.4% oor hierdie tydperk is. Dit was hoër as die koers van 6.1% wat vir die tydperk van 2015/16 tot 2019/20 behaal is.
- In hoofstuk 2 van die publikasie, toon die data dat teen Maart 2023, die PIB-register jaarliks met 4.5% tot 25.9 miljoen individue gestyg het (en met 'n verdere 4.3% tot 27.1 miljoen teen die einde van Maart 2024). Die aantal individue wat na verwagting inkomstebelastingopgawes sou indien was 7.6 miljoen vir die 2023-belastingjaar. PIB, geografiese, demografiese en ander

analyses van die aanslae van belastingpligtiges wat teen 9 September 2024 vir die 2023-belastingjaar aangeslaan is, het getoon dat:

- 2 361 099 (35.5%) van aangeslane belastingpligtiges in Gauteng registreer was.
- 855 274 (36.2% van aangeslane belastingpligtiges in die Johannesburgse metro woonagtig was en op 'n gemiddelde belasbare inkomste van R484 672 belas was.
- 1 775 779 (26.7%) van aangeslane belastingpligtiges 35 tot 44 jaar oud was.
- 3 495 942 (52.6%) van aangeslane belastingpligtiges manlik was; 3 148 808 (47.4%) was vroulik.
- Aangeslane belastingpligtiges het 'n totale belasbare inkomste van R 2.3 triljoen en belastingaanspreeklikheid van R499.9 miljard aangeteken. Die gemiddelde belastingkoers was 21.3% vergeleke die 21.5% in die vorige jaar.
- Statistieke vir MIB in hoofstuk 3 toon aan dat, van die 1 166 692 maatskappye wat teen 31 Augustus 2024 vir die 2022-belastingjaar aangeslaan is, 20.7% 'n positiewe belasbare inkomste verklaar het, 54.6% 'n belasbare inkomste gelyk aan nul gehad het, en die oorblywende 24.7% 'n aangeslane verlies aangeteken het. Van die maatskappye wat aangeslaan is, het 549 groot maatskappye (0.2% van die maatskappye met positiewe belasbare inkomste) 'n belasbare inkomste van meer as R200 miljoen gehad en was hulle vir 66.5% van die aangeslane MIB aanspreeklik. Die finansiële bemiddelings-, versekerings-, eiendoms- en sakedienstesektore het 266 262 (22.8%) van die aangeslane maatskappye uitgemaak en was vir 32.8% van die aangeslane MIB aanspreeklik, die grootste bydrae uit al die sektore.
- Hoofstuk 4 toon dat in 2023/24, 488 118 van die aktiewe BTW-ondernemers, 80.9% maatskappye en beslote korporasies was. Hierdie ondernemers het 93.2% tot binnelandse BTW-betalings bygedra het en 92.2% van die BTW-terugbetalings ontvang het. Hoewel individue (alleeneienaars) 11.7% van

aktiewe BTW-ondernemers uitgemaak het, het hulle 1.7% tot binnelandse BTW-betalings bygedra en 0.7% van die terugbetaalde BTW ontvang.

- Soos in hoofstuk 5 uiteengesit, het invoer-BTW en doeane-regte onderskeidelik 15.2% en 4.1% van die jaar se totale belastinginkomste uitgemaak. In totaal het hierdie inkomstebronne 19.3% van die totale belastinginkomste uitgemaak, wat hoër is as die 17.7% gemiddeld wat in die voorafgaande vyf fiskale jare behaal is. Vir die 2023/24 fiskale jaar:
 - Invoer-BTW is hoofsaaklik ingevorder deur die invoer van masjinerie en elektroniese ware (28.9% teenoor 26.4% in 22/23), chemiese produkte (12.2% teenoor 13.8% in 22/23) en voertuie, vliegtuie en skepe (10.6% teenoor 11.2% in 22/23). Invoer-BTW van die top drie bydraende ekonomiese sektore, het 87.1% (87.7% in 22/23) van die totaal uitgemaak, naamlik die groot- en kleinhandel, spysenierings- en akkommodasie-sektor (tersiêr) teen 39.6% teenoor 38.2% in 22/23, gevvolg deur die vervaardigingsektor (sekondêr) teen 29.0% teenoor 30.8% in 22/23, en finansiële bemiddeling-, versekering-, eiendom- en sakedienste (tersiêr) teen 18.5% teenoor 18.6% in 22/23.
 - Die grootste bydraers tot doeane-regte was voertuie, vliegtuie en skepe (26.1% teenoor 29.0% in 22/23), tekstiel en klerasie (15.9%, dieselfde as in 22/23), masjinerie en elektroniese ware (13.1% teenoor 12.3% in 22/23) asook voedsel, drank en tabak (13.0% teenoor 13.4% in 22/23).
- Ten slotte, handel hoofstuk 6 oor ander belastings en invorderings soos kapitaalwinsbelasting (KWB), hereregte, minerale- en petroleumhulpbronnetantième (MPRR), Suider Afrikaanse Doeane Unie- (SACU)-betalings en dieselterugbetalings.
 - MPRR-betalings deur ontginner is met R9.4 miljard (36.9%) gekrimp van R 25.3 miljard in 2022/23 tot R16.0 miljard in 2023/24 as gevvolg van 'n noemenswaardige afname in kommoditeitspryse, veral in platinumgroepmetale (PGM's) en steenkool. Hierdie krimping was minder ernstig te danke aan goud- en ysterertspryse wat effektiewelik die afname in MPRR-betalings verreken het.

- Ten opsigte van SACU-reëlings, het Suid-Afrika 97.5% tot die totale doeane-inkomstepoel van 2023/24 bygedra, vergeleke die 97.4% in 2022/23. Dit kan toegeskryf word aan die SACU-ooreenkoms, waardeur doeane- en aksynsregte, uit invoere na binne die streek, by die eerste punt van binnekoms ingevorder word. In meeste gevalle is Suid-Afrika die eerste punt van binnekoms vir die landomringde ledestate. Aandele deur Suid-Afrika in 2023/24 ontvang, het R 79.7 miljard beloop (R34.4 miljard in die vorige jaar), gelykstaande aan 50.0% van die R159.5 miljard totale gesamentlike inkomstepoel (44.1% van die R78.1 miljard in die vorige jaar). Die deel vir Botswana, Eswatini (voorheen Swaziland), Lesotho en Namibië (gesamentlik na verwys as BELN) het R79.8 miljard (50.0%) beloop.

Die 2024-belastingstatistiek dokumente is beskikbaar op SARS en Nasionale Tesourie se webtuistes by www.sars.gov.za en www.treasury.gov.za onderskeidelik.

SARS en Nasionale Tesourie verwelkom kommentaar en voorstelle van die publiek.
Stuur dit asseblief per e-pos na taxstatistics@sars.gov.za.

Vir toegang tot hierdie blad in ander tale, klik op die skakels hieronder:

- IsiZulu
- Sesotho
- Afrikaans
- Sepedi
- Xitsonga

EINDE

Navrae: SARS Media: sarsmedia@sars.gov.za
Nasionale Tesourie Kommunikasie-eenheid: media@treasury.gov.za of skakel 012 315 5000.